basic education

Department:
Basic Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

**SENIOR SERTIFIKAAT/
NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT**

**GRAAD 12**

**DRMA.1**

**DRAMATIESE KUNSTE**

**NOVEMBER 2020**

**PUNTE: 150**

**TYD: 3 uur**

**Hierdie vraestel bestaan uit 17 bladsye.**

# OGGENDSESSIE

Kopiereg voorbehou

## INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Hierdie vraestel bestaan uit VIER afdelings:

| | | |
|---|---|---|
| AFDELING A: | 20ste-eeuse Teaterbewegings | (30) |
| AFDELING B: | Suid-Afrikaanse Teater: 1960–1994 | (40) |
| AFDELING C: | Suid-Afrikaanse Teater: Ná 1994–Kontemporêr | (40) |
| AFDELING D: | Teatergeskiedenis, Praktiese Begrippe, Inhoud en Vaardighede | (40) |

2. **AFDELING A**
**VRAAG 1 is VERPLIGTEND.**
**Verwys na die toneelteks wat jy bestudeer het en die betrokke 20ste-eeuse Teaterbeweging.**

**EPIESE TEATER**
- *Caucasian Chalk Circle* — Bertolt Brecht
- *Kaukasiese Krytsirkel* — Vertaling van Bertolt Brecht-toneelteks
- *Mother Courage* — Bertolt Brecht
- *Moeder Courage* — Vertaling van Bertolt Brecht-toneelteks
- *The Good Person of Szechwan* — Bertolt Brecht
- *Kanna Hy Kô Hystoe* — Adam Small

**OF**

**TEATER VAN DIE ABSURDE**
- *Waiting for Godot* — Samuel Beckett
- *Afspraak met Godot* — Vertaling van Samuel Beckett-toneelteks
- *Bagasie* — André P Brink
- *The Bald Primadonna* — Eugene Ionesco
- *Die Kaalkop Primadonna* — Vertaling van Eugene Ionesco-toneelteks

**OF**

**POSTMODERNE TEATER**
- *Skrapnel* — Willem Anker
- *Top Girls* — Carol Churchill
- *Popcorn* — Ben Elton
- *Buried Child* — Sam Shepard

3. **AFDELING B**
**Hierdie afdeling bestaan uit DRIE vrae. Beantwoord slegs EEN vraag in hierdie afdeling.**
VRAAG 2: *Woza Albert!* — Percy Mtwa, Mbongeni Ngema en Barney Simon **OF**
VRAAG 3: *Sophiatown* — Junction Avenue Theatre Company **OF**
VRAAG 4: *Siener in die Suburbs* — PG du Plessis

4. **AFDELING C**
**Hierdie afdeling bestaan uit DRIE vrae. Beantwoord slegs EEN vraag in hierdie afdeling.**
VRAAG 5: *Nothing but the Truth* — John Kani **OF**
VRAAG 6: *Groundswell* — Ian Bruce **OF**
VRAAG 7: *Mis* — Reza de Wet

5. **AFDELING D**
**Hierdie afdeling bestaan uit EEN vraag (VRAAG 8) wat VERPLIGTEND is.**

**AFDELING A: 20ste-EEUSE TEATERBEWEGINGS**

Hierdie vraag is VERPLIGTEND.

**VRAAG 1**

Verwys na BRON A hieronder en beantwoord die vraag wat volg.

**BRON A**

**DIE 20STE-EEUSE TEATER**



**Teater is dikwels soos 'n rebelse (opstandige) kind.**

**Dit is egter 'n kragtige kunsvorm wat lesse oor die lewe, die samelewing en emosie en, nog belangriker, jouself, leer.**

Evalueer, in 'n opstel, hoe die toneelteks en die 20ste-eeuse Teaterbeweging wat jy hierdie jaar bestudeer het, rebelleer en lesse oor lewensuitdagings en die mensdom se potensiaal vir verandering oordra.

Skryf die naam van die toneelteks en die 20ste-eeuse Teaterbeweging wat jy bestudeer het, aan die begin van jou opstel neer.

Verwys na die volgende in jou opstel:

- Hoe die doelbewuste keuses van die dramaturg rebellie weerspieël
- Die lesse van die lewensuitdagings wat eie aan die onderwerpmateriaal van die toneelteks is
- Spesifieke voorbeelde om jou bespreking te ondersteun

**TOTAAL AFDELING A: 30**

**AFDELING B: SUID-AFRIKAANSE TEATER: 1960–1994**

Beantwoord slegs EEN vraag in hierdie afdeling.

**VRAAG 2: *WOZA ALBERT!* DEUR PERCY MTWA, MBONGENI NGEMA EN BARNEY SIMON**

Bestudeer BRON B hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

**BRON B**




BRON B weerspieël die opgeneemde reaksies van lede van die gehoor na 'n onlangse opvoering van *Woza Albert!*.

2.1 Gee 'n definisie van die volgende:

- Stel/Dekorstel (1)
- Rekwisiete (1)
- Ensemble (1)
- 'n Rolverdeling (1)

2.2 Analiseer hoe die opvoering en verhoogplasing ' 'n kragtige openingstoneel' vir *Woza Albert!* kan skep. (6)

2.3 Motiveer waarom jy dink die toneelstuk 'emosioneel treffend' kan wees. (4)

2.4 Stel voor waarom dit belangrik is om 'n 'uitmuntende vaardige' akteur te wees.

Gee voorbeelde uit die toneelstuk om die gebruik van fisiese en vokale vaardighede te toon. (6)

2.5 Verduidelik hoe die toneelstuk 'die lewens van die mense van daardie tyd' weergee met verwysing na die karakters en hulle gegewe omstandighede. (8)

2.6 Skryf 'n kort artikel vir 'n Erfenisdag-program.

Bespreek die volgende stellings in BRON B in jou artikel:

- ' 'n Belangrike bydrae tot Suid-Afrikaanse Teater'
- 'Is deesdae net so relevant as wat dit toe was'

Ondersteun jou bespreking met voorbeelde uit die toneelstuk. (12)
**[40]**

**VRAAG 3: *SOPHIATOWN* DEUR THE JUNCTION AVENUE THEATRE COMPANY**

Bestudeer BRON C hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

**BRON C**




BRON C weerspieël die opgeneemde reaksies van lede van die gehoor na 'n onlangse opvoering van *Sophiatown*.

3.1 Gee 'n definisie van die volgende:

- Stel/Dekorstel (1)
- Rekwisiete (1)
- Ensemble (1)
- 'n Rolverdeling (1)

3.2 Analiseer hoe die opvoering en verhoogplasing ' 'n kragtige openingstoneel' vir *Sophiatown* kan skep. (6)

3.3 Motiveer waarom jy dink die toneelstuk 'emosioneel treffend' kan wees. (4)

3.4 Stel voor waarom dit belangrik is om 'n 'uitmuntende vaardige' akteur te wees.

Gee voorbeelde uit die toneelstuk om die gebruik van fisiese en vokale vaardighede te toon. (6)

3.5 Verduidelik hoe die toneelstuk 'die lewens van die mense van daardie tyd' weergee met verwysing na die karakters en hulle gegewe omstandighede. (8)

3.6 Skryf 'n kort artikel vir 'n Erfenisdag-program.

Bespreek die volgende stellings in BRON C in jou artikel:


- ' 'n Belangrike bydrae tot Suid-Afrikaanse Teater'
- 'Is deesdae net so relevant as wat dit toe was'

Ondersteun jou bespreking met voorbeelde uit die toneelstuk. (12)
**[40]**

**VRAAG 4: *SIENER IN DIE SUBURBS* DEUR PG DU PLESSIS**

Bestudeer BRON D hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

**BRON D**




BRON D weerspieël die opgeneemde reaksies van lede van die gehoor na 'n onlangse opvoering van *Siener in die Suburbs*.

4.1 Gee 'n definisie van die volgende:

- Stel/Dekorstel (1)
- Rekwisiete (1)
- Ensemble (1)
- 'n Rolverdeling (1)

4.2 Analiseer hoe die opvoering en verhoogplasing ' 'n kragtige openingstoneel' vir *Siener in die Suburbs* kan skep. (6)

4.3 Motiveer waarom jy dink die toneelstuk 'emosioneel treffend' kan wees. (4)

4.4 Stel voor waarom dit belangrik is om 'n 'uitmuntende vaardige' akteur te wees.

Gee voorbeelde uit die toneelstuk om die gebruik van fisiese en vokale vaardighede te toon. (6)

4.5 Verduidelik hoe die toneelstuk 'die lewens van die mense van daardie tyd' weergee met verwysing na die karakters en hulle gegewe omstandighede. (8)

4.6 Skryf 'n kort artikel vir 'n Erfenisdag-program.

Bespreek die volgende stellings in BRON D in jou artikel:

- ' 'n Belangrike bydrae tot Suid-Afrikaanse Teater'
- 'Is deesdae net so relevant as wat dit toe was'

Ondersteun jou bespreking met voorbeelde uit die toneelstuk. (12)
**[40]**

**TOTAAL AFDELING B: 40**

## AFDELING C: SUID-AFRIKAANSE TEATER: NÁ 1994–KONTEMPORÊR

Beantwoord slegs EEN vraag in hierdie afdeling.

### VRAAG 5: *NOTHING BUT THE TRUTH* DEUR JOHN KANI

Bestudeer BRON E hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

**BRON E**





**DIAGRAM VAN 'N VERHOOGUITLEG**

Jy het besluit om 'n produksie van *Nothing but the Truth* te regisseer om kwessies uit te lig wat jou gemeenskap waardevolle lewenslesse sal leer. Gebruik BRON E om jou met die beplanning van die verhoogplasing van die toneelstuk te help.

5.1 Identifiseer die verhoogtipe wat in BRON E uitgebeeld is. (1)

5.2 Waarvoor staan die volgende afkortings?

- ar ('usr') (1)
- vl ('dsl') (1)

5.3 Stel TWEE voordele voor van die gebruik van die verhoogtipe wat in BRON E uitgebeeld is. (4)

5.4 Gee 'n kort sinopsis (opsomming) van die toneelstuk vir jou teaterprogram. (4)

5.5 Kies die geskikste ruimte in jou gemeenskap om die toneelstuk op te voer en motiveer waarom dit geskik is. (3)

5.6 Verduidelik hoe jy die verhoogplasing van die openingstoneel van die toneelstuk sou aanpas om by die ruimte te pas wat jy in VRAAG 5.5 gekies het.

Verwys na BRON E om jou leiding te gee. (6)

5.7 Beskryf EEN oomblik (moment) van dramatiese spanning in die toneelstuk. (2)

5.8 Analiseer hoe Stanislavski se tegnieke van *emosionele geheue* en *gegewe omstandighede* die akteurs kan help om die oomblik (moment) van dramatiese spanning, wat in VRAAG 5.7 geïdentifiseer is, te vertolk (speel). (8)

5.9 Bespreek hoe die temas en kwessies wat in *Nothing but the Truth* aangebied word 'jou gemeenskap waardevolle lewenslesse' kan leer. (10)
**[40]**

**VRAAG 6: *GROUNDSWELL* DEUR IAN BRUCE**

Bestudeer BRON F hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

**BRON F**





**DIAGRAM VAN 'N VERHOOGUITLEG**

Jy het besluit om 'n produksie van *Groundswell* te regisseer om kwessies uit te lig wat jou gemeenskap waardevolle lewenslesse sal leer. Gebruik BRON F om jou met die beplanning van die verhoogplasing van die toneelstuk te help.

6.1 Identifiseer die verhoogtipe wat in BRON F uitgebeeld is. (1)

6.2 Waarvoor staan die volgende afkortings?

- ar ('usr') (1)
- vl ('dsl') (1)

6.3 Stel TWEE voordele voor van die gebruik van die verhoogtipe wat in BRON F uitgebeeld is. (4)

6.4 Gee 'n kort sinopsis (opsomming) van die toneelstuk vir jou teaterprogram. (4)

6.5 Kies die geskikste ruimte in jou gemeenskap om die toneelstuk op te voer en motiveer waarom dit geskik is. (3)

6.6 Verduidelik hoe jy die verhoogplasing van die openingstoneel van die toneelstuk sou aanpas om by die ruimte wat jy in VRAAG 6.5 gekies het, te pas.

Verwys na BRON F om jou leiding te gee. (6)

6.7 Beskryf EEN oomblik (moment) van dramatiese spanning in die toneelstuk. (2)

6.8 Analiseer hoe Stanislavski se tegnieke van *emosionele geheue* en *gegewe omstandighede* die akteurs kan help om die oomblik (moment) van dramatiese spanning, wat in VRAAG 6.7 geïdentifiseer is, te vertolk (speel). (8)

6.9 Bespreek hoe die temas en kwessies wat in *Groundswell* aangebied word 'jou gemeenskap waardevolle lewenslesse' kan leer. (10)
**[40]**

**VRAAG 7: *MIS DEUR* REZA DE WET**

Bestudeer BRON G hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

**BRON G**





**DIAGRAM VAN 'N VERHOOGUITLEG**

Jy het besluit om 'n produksie van *Mis* te regisseer om kwessies uit te lig wat jou gemeenskap waardevolle lewenslesse sal leer. Gebruik BRON G om jou met die beplanning van die verhoogplasing van die toneelstuk te help.

7.1 Identifiseer die verhoogtipe wat in BRON G uitgebeeld is. (1)

7.2 Waarvoor staan die volgende afkortings?

- ar ('usr') (1)
- vl ('dsl') (1)

7.3 Stel TWEE voordele voor van die gebruik van die verhoogtipe wat in BRON G uitgebeeld is. (4)

7.4 Gee 'n kort sinopsis (opsomming) van die toneelstuk vir jou teaterprogram. (4)

7.5 Kies die geskikste ruimte in jou gemeenskap om die toneelstuk op te voer en motiveer waarom dit geskik is. (3)

7.6 Verduidelik hoe jy die verhoogplasing van die openingstoneel van die toneelstuk sou aanpas om by die ruimte wat jy in VRAAG 7.5 gekies het, te pas.

Verwys na BRON G om jou leiding te gee. (6)

7.7 Beskryf EEN oomblik (moment) van dramatiese spanning in die toneelstuk. (2)

7.8 Analiseer hoe Stanislavski se tegnieke van *emosionele geheue* en *gegewe omstandighede* die akteurs kan help om die oomblik (moment) van dramatiese spanning, wat in VRAAG 7.7 geïdentifiseer is, te vertolk (speel). (8)

7.9 Bespreek hoe die temas en kwessies wat in *Mis* aangebied word 'jou gemeenskap waardevolle lewenslesse' kan leer. (10)
**[40]**

**TOTAAL AFDELING C: 40**

**AFDELING D: TEATERGESKIEDENIS, PRAKTIESE KONSEPTE, INHOUD EN VAARDIGHEDE**


**Hierdie vraag is VERPLIGTEND.**

**VRAAG 8**

Bestudeer BRON H hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

**BRON H**

**'N POWERPOINT-SKYFIE UIT 'N LESING OOR $20^{STE}$-EEUSE TEATER-ISMES**




| | | |
|---|---|---|
| 8.1 | Wat verstaan jy onder die term *teater-ismes*? | (2) |
| 8.2 | Beskryf enige EEN van die teater-ismes wat in BRON H uitgebeeld word. | (4) |
| 8.3 | Verduidelik hoe enige EEN van die teater-ismes in BRON H die $20^{ste}$-eeuse toneelteks wat jy bestudeer het, beïnvloed het. | (6) |

8.4 Besin oor die praktiese werk vir Dramatiese Kunste waaraan jy die afgelope drie jaar deelgeneem het.

8.4.1 Beskryf (in detail) EEN vokale en EEN fisiese opwarmingsoefening wat jy gebruik het om vir 'n opvoering voor te berei. (6)

8.4.2 Motiveer jou keuse van toneelspelstyl vir 'n karakter wat jy gespeel het. (4)

8.4.3 Bespreek die vaardighede wat jy deur jou deelname aan praktiese werk ontwikkel het. (8)

8.5 Tegnologie (die gebruik van selfone, WhatsApp, YouTube, ens.) het lewendige teater in die 21$^{ste}$ eeu versterk en 'n groter betrokkenheid by die teaterervaring moontlik maak.

Gebruik TWEE voorbeelde en bespreek hoe tegnologie geleenthede vir groter betrokkenheid by die teaterervaring geskep het. (10)

**TOTAAL AFDELING D: 40**
**GROOTTOTAAL: 150**

Kopiereg voorbehou